


Nuusbrief 13 van 2024
26 Augustus 2024

# Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

26 Augustus 2024

Liewe Ouers

## Dit is tyd vir HSH se KOSVERKOPE op Vrydag, 6 September!

Die ekonomiese klimaat noodsaak ons om d.m.v. projekte addisionele fondse te genereer. Ons het besluit om hierdie jaar weer 'n kosverkope te hou. Om van hierdie projek 'n sukses te maak, het ons egter u hulp nodig! Ons beplan om boereworsrolle, pannekoek, jaffels en hamburgers te verkoop.

Ons sal dit baie waardeer indien u u weg sal oopsien om vir ons 'n bestanddeel te borg. Indien u eerder 'n kontantbydrae wil lewer, sal ons dit ook baie waardeer. U kan ook betrokke raak deur ons, op die dag van die verkope, te help met die voorbereiding van hierdie produkte.

Ons benodig die volgende bestanddele:

* Tamatie- en uie-smoor (blikkies) * Kaneel * Suiker * Olie *
* Stork Bake margarien ('tubs') * Blatjang *

Baie dankie vir u bereidwilligheid om te help. Ons sien uit daarna om hierdie projek saam met u aan te pak!

Vriendelike groete
B. Hoffman
SKOOLHOOF

---------------------------------------------------------------✂---------------------------------------------------------------

Voltooi asseblief hierdie skeurstrokie en stuur teen WOENSDAG, 28 Augustus terug skool toe.

Hiermee is ek, ___________________________ , ouer van ________________ in gr. _____ bereid om

- ☐ 'n bestanddeel te skenk.
- ☐ 'n kontantbydrae van _________ te skenk.
- ☐ Tydens die kosverkope te help werk.
    - Kontaknommer: __________________
    - Tye beskikbaar: ___________________

Alle skenkings moet die skool asseblief voor of op Vrydag, 30 Augustus 2024 bereik.